# DIE KAPELET VAN SINT MIGAEL DIE AARTSENGEL



MET REFLEKSIETEKSTE UIT DIE HEILIGE SKRIF

© 2024 - Die Oratorium Uitgewery

Wolfweg 29, Oudtshoorn, 6620
Tel.: +27 44 2039600 • www.afrikaanskatoliek.co.za

# INHOUDSOPGAWE

| | |
|---|---|
| **Inhoudsopgawe** | **Bladsy 3** |
| **Inleiding** | **Bladsy 4** |
| **Die Openingsgebede** | **Bladsy 5** |
| **Die Eerste Aanroeping** | **Bladsy 6** |
| **Die Tweede Aanroeping** | **Bladsy 7** |
| **Die Derde Aanroeping** | **Bladsy 8** |
| **Die Vierde Aanroeping** | **Bladsy 9** |
| **Die Vyfde Aanroeping** | **Bladsy 10** |
| **Die Sesde Aanroeping** | **Bladsy 11** |
| **Die Sewende Aanroeping** | **Bladsy 12** |
| **Die Agste Aanroeping** | **Bladsy 13** |
| **Die Negende Aanroeping** | **Bladsy 14** |
| **Die Slotgebede** | **Bladsy 15** |

## INLEIDING

In die Heilige Skrif word nege geledere (of kore) van engele onderskei: Serafyne, Gerubyne, Trone, Heerskappye, Deugde, Magte, Owerhede, Aartsengele en Engele *(cf. Jesaja 6:2; Genesis 3:24; Kolossense 1:16; Efesiërs 1:21; Romeine 8:38)*. Daar word geglo dat die Serafyne die hoogste van die Engel-geledere is, dus die mees intiem verenig met God, terwyl die Engelekoor die laagste of die naaste aan die menslike natuur is.

In die begin het God beide die hemel en die aarde geskep *(cf. Genesis 1:1),* beide die geestelike skepsels en die materiële skepsels (die engele en die heelal) waaruit die mens, wat albei werklikhede verteenwoordig en in deel, sou ontstaan *(Vierde Lateraanse Konsilie, 1225).*

Die mens se keuse vir of teen God sou baie later, ná die Skepping, geskied. Die engele se keuse het egter onmiddellik plaasgevind. In 'n enkele oomblik, in hul eerste morele daad, het hulle die weg gekies wat hul hele bestaan sou kenmerk, VIR OF TEEN GOD. Hulle keuses kan nie verander nie, want as gevolg van hul meerdere intellek en wil kom hul keuse altyd vir hulle as reg en paslik voor.

Lucifer, wat waarskynlik 'n seraf was, het gesê: "EK SAL NIE DIEN NIE." Migael, 'n nederige Aartsengel, het uit sy nederige stasie uitgeroep, "WIE IS SOOS GOD!" En so het die engel-geeste hulself in twee kampe verdeel. Een kamp bestaan uit 'n derde van al die engel-geledere wat met Lucifer saamgestem het en as gevolglik as straf na die materiële skepping neergewerp is *(cf. Openbaring 12),* om daar die Goddelike Heerskappy teë te staan, en mettertyd, natuurlik ook God se plan vir die mens *(cf. Openbaring 12; Genesis 3).*

Die Engele van die Nege Geledere wat God aangehang het, is tot die Saligmakende Visie van God toegelaat en hulle het hul bestemde posisies in die Goddelike Heerskappy en later ook hul rol in God se Verlossingsplan ingeneem.

Die Kapelet van Sint Migael is 'n wonderlike manier om die Groot Aartsengel en al die Heilige Engele vir hul getrouheid, vir hul voortdurende rol in die bestuur van die heelal en veral ook vir die plek wat hulle speel in die verlossing wat ons Here vir ons gewen het, te vereer. Dié Kapelet vind oorsprong by die Dienares van God, Antonia d'Astonac. Sy was 'n Portugese Karmelitiese non en is deur Sint Michael in 'n ingelig dat sy hom kon vereer deur die nege Aanroepinge aan die nege Engelekore. Hierdie toewyding is in 1851 deur pous Pius IX goedgekeur.

## "WIE IS SOOS GOD!"

## DIE OPENINGSGEBEDE

MAAK DIE KRUISTEKEN
*† In die naam van die Vader,*
*† en van die Seun,*
*† en van die Heilige Gees. Amen*

EN BEGIN MET:
*O, God, haas ons tot hulp.*
*O, Here, wees ons bystand.*

BID DIE "EER AAN DIE VADER-GEBED":
*Eer aan die Vader, en aan die Seun, en aan die Heilige Gees;*
*soos dit in die begin was, so ook nou en altyd, tot in alle ewigheid, Amen.*

BID DIE "ONSE VADER-GEBED" TER ERE VAN
DIE AARTSENGELE, MIGAEL, GABRIEL, RAFAEL EN OOK JOU EIE BESKERMENGEL:
*Onse Vader wat in die Hemel is.*
*laat u Naam geheilig word.*
*laat u koninkryk kom.*
*laat u wil geskied*
*soos in die hemel*
*netso op die aarde.*

*Gee ons vandag*
*ons daaglikse brood.*
*en vergeef ons, ons skulde,*
*soos ons ook*
*ons skuldenaars vergewe.*
*En lei ons nie in versoeking nie,*
*maar verlos ons van die bose.*

*Want aan U behoort die koninkryk,*
*en die krag en die heerlikheid*
*tot in ewigheid. Amen.*

## DIE EERSTE AANROEPING

**MAG DIT GOD BEHAAG OM DEUR DIE VOORBIDDING VAN SINT MIGAEL EN DIE HEMELSE SERAFYNE-ENGELEKOOR, ONS WAARDIG TE MAAK OM DIE VUUR VAN SY VOLMAAKTE LIEFDADIGHEID IN ONS HARTE TE ONTVANG. AMEN.**

BID EEN KEER DIE "ONSE VADER-GEBED" EN DRIE KEER DIE "WEES-GEGROET-GEBED" TER ERE VAN DIE NEGE ENGELGELEDERE OF -KORE:

*Wees gegroet Maria, vol genade*
*die Here is met u.*

*Geseënd is u onder die vroue,*
*en geseënd is Jesus,*
*die vrug van u skoot.*

*Heilige Maria, Moeder van God,*
*bid vir ons sondaars,*
*nou en in die uur van ons dood. Amen.*

OORPEINS MET DIE HEILIGE SKRIF:
1 Korintiërs 13:1-13

*1Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het nie liefde nie, dan het ek 'n*
*wéérgalmende ghong of 'n kletterende simbaal geword. 2En al profeteer ek, en*
*begryp ek alle geheime, en besit ek alle kennis, en al het ek al die geloof om berge*
*te versit, maar ek het nie liefde nie, is ek niks! 3Al deel ek al my besittings uit, en*
*gee ek my liggaam oor, sodat ek my daarop kan beroem, maar ek het nie liefde*
*nie, baat dit my niks. 4Liefde bly geduldig, liefde gee om, liefde is nie jaloers nie,*
*spog nie, en is nie verwaand nie. 5Liefde tree nie onbehoorlik op nie, jaag nie*
*eiebelang na nie, is nie liggeraak nie. Dit hou nie boek van die kwaad nie, 6 is nie*
*bly oor onreg nie, maar is saam bly oor die waarheid. 7Dit bedek alles, glo alles,*
*hoop alles, verduur alles. 8Liefde faal nooit nie. Maar profesieë, dit sal tot 'n einde*
*kom; of tale, dit sal ophou; of kennis, dit sal tot niet gaan. 9Want ons ken*
*gedeeltelik, en ons profeteer gedeeltelik, 10maar wanneer die volmaakte gekom*
*het, sal wat gedeeltelik is, ophou bestaan. 11Toe ek nog 'n kind was, het ek*
*gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind. Noudat ek*
*volwasse is, het ek die dinge van 'n kind agtergelaat. 12Nou sien ons wel 'n*
*geheimenisvolle beeld, soos in 'n spieël, maar eendag van aangesig tot aangesig.*
*Nou ken ek slegs gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken, soos ek ten volle*
*geken is. 13En nou bly geloof, hoop en liefde, hierdie drie – maar die grootste*
*hiervan is die liefde.*

# DIE TWEEDE AANROEPING

**MAG DIT GOD BEHAAG OM DEUR DIE VOORBIDDING VAN SINT MIGAEL EN DIE HEMELSE GERUBYNE-ENGELEKOOR, ONS WAARDIG TE MAAK OM DIE SONDE TE VERWERP EN DIE WEG VAN CHRISTEN VOLMAAKTHEID NA TE VOLG. AMEN.**

BID EEN KEER DIE "ONSE VADER-GEBED" EN DRIE KEER DIE "WEES-GEGROET-GEBED" TER ERE VAN DIE NEGE ENGELGELEDERE OF -KORE:

*Wees gegroet Maria, vol genade*
*die Here is met u.*

*Geseënd is u onder die vroue,*
*en geseënd is Jesus,*
*die vrug van u skoot.*

*Heilige Maria, Moeder van God,*
*bid vir ons sondaars,*
*nou en in die uur van ons dood. Amen.*

OORPEINS MET DIE HEILIGE SKRIF:
Efesiërs 4:22-32

*22 ... wat julle vroeëre lewenswandel betref, die ou mens moet aflê, wat as gevolg*
*van sy misleidende drange vergaan. 23 Julle moet eerder in die aard van julle*
*denke vernuwe word. 24Ja, trek die nuwe mens as kleed aan, wat in ware*
*geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God geskep is. 25Daarom,*
*vermy die leuen, en praat elkeen die waarheid met sy naaste, want ons is lede van*
*een liggaam. 26Word kwaad, maar moenie sondig nie. Laat die son nie ondergaan*
*oor julle woede nie. 27Moenie vir die Duiwel plek gee nie. 28Die een wat nog*
*steel, moet nie meer steel nie; hy moet eerder werk deur met sy eie hande te doen*
*wat goed is, sodat hy iets het om vir die behoeftige te gee. 29Nie 'n enkele*
*afbrekende woord moet uit julle mond kom nie, maar eerder 'n woord wat goed is*
*vir noodsaaklike opbou, sodat dit voordeel mag bring vir diegene wat dit hoor.*
*30En bedroef nie die Heilige Gees van God, deur wie julle met die oog op die dag*
*van bevryding verseël is nie. 31 Laat vaar alle bitterheid en woede en gramskap en*
*geskreeu en gelaster, saam met elke vorm van kwaad. 32 Wees goedgesind*
*teenoor mekaar, met innige meelewing, terwyl julle mekaar vergewe, soos God in*
*•Christus julle ook vergewe het.*

## DIE DERDE AANROEPING

**MAG DIT GOD BEHAAG OM DEUR DIE VOORBIDDING VAN SINT MIGAEL EN DIE HEMELSE TRONE-ENGELEKOOR, ONS WAARDIG TE MAAK OM 'N WARE EN OPREGTE GEES VAN NEDERIGHEID IN ONS HARTE TE KOESTER. AMEN.**

BID EEN KEER DIE "ONSE VADER-GEBED" EN DRIE KEER DIE "WEES-GEGROET-GEBED" TER ERE VAN DIE NEGE ENGELGELEDERE OF -KORE:

*Wees gegroet Maria, vol genade*
*die Here is met u.*

*Geseënd is u onder die vroue,*
*en geseënd is Jesus,*
*die vrug van u skoot.*

*Heilige Maria, Moeder van God,*
*bid vir ons sondaars,*
*nou en in die uur van ons dood. Amen.*

OORPEINS MET DIE HEILIGE SKRIF:
1 Petrus 5:5-6

*5 Net so moet julle wat jonk is, ondergeskik wees aan ouer mense. Beklee julle almal met nederigheid teenoor mekaar, want*

*"God weerstaan hoogmoediges,*
*maar aan nederiges gee Hy genade."*

*6 Daarom, verneder julle onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle op die regte tyd kan verhoog.*

## DIE VIERDE AANROEPING

**MAG DIT GOD BEHAAG OM DEUR DIE VOORBIDDING VAN SINT MIGAEL EN DIE HEMELSE HEERSKAPPYE-ENGELEKOOR, ONS DIE GENADE TE SKENK OM ONS SINTUIE TE BEHEER EN ONS VERKEERDE BEGEERTES REG TE STEL. AMEN.**

BID EEN KEER DIE "ONSE VADER-GEBED" EN DRIE KEER DIE "WEES-GEGROET-GEBED" TER ERE VAN DIE NEGE ENGELGELEDERE OF -KORE:

*Wees gegroet Maria, vol genade*
*die Here is met u.*

*Geseënd is u onder die vroue,*
*en geseënd is Jesus,*
*die vrug van u skoot.*

*Heilige Maria, Moeder van God,*
*bid vir ons sondaars,*
*nou en in die uur van ons dood. Amen.*

OORPEINS MET DIE HEILIGE SKRIF:
Galasiërs 5:16-26

*16Maar ek sê: Leef deur die Gees, dan sal julle beslis nie die begeertes van die vlees uitvoer nie. 17Want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees begeer teen die vlees; die twee opponeer mekaar, sodat julle dit wat julle ook al wil, nie kan doen nie. 18As julle egter deur die Gees gelei word, staan julle nie onder die wet nie.*

*19 Die praktyke van die vlees is goed bekend, naamlik onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, 20afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloesie, woede, selfsug, tweespalt, skeuring, 21afguns, dronkenskap, gefuif, en hierdie soort dinge – waarteen ek julle nou weer waarsku, soos ek julle vroeër gewaarsku het, naamlik dat diegene wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërf nie.*

*22Maar die vrug van die Gees is: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, 23sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen hierdie soort dinge is daar nie 'n wet nie.*

*24 Almal wat aan Christus Jesus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeertes gekruisig. 25Aangesien ons deur die Gees leef, laat ons ook met die Gees in pas bly. 26Laat ons nie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar jaloers wees nie.*

## DIE VYFDE AANROEPING

**MAG DIT GOD BEHAAG OM DEUR DIE VOORBIDDING VAN SINT MIGAEL EN DIE HEMELSE DEUGDE-ENGELEKOOR, ONS TEEN DIE STRIK VAN DIE BOSE TE BEHOED EN TE BEWAAR. AMEN.**

BID EEN KEER DIE "ONSE VADER-GEBED" EN DRIE KEER DIE "WEES-GEGROET-GEBED" TER ERE VAN DIE NEGE ENGELGELEDERE OF -KORE:

*Wees gegroet Maria, vol genade*
*die Here is met u.*

*Geseënd is u onder die vroue,*
*en geseënd is Jesus,*
*die vrug van u skoot.*

*Heilige Maria, Moeder van God,*
*bid vir ons sondaars,*
*nou en in die uur van ons dood. Amen.*

OORPEINS MET DIE HEILIGE SKRIF:
Efesiërs 6:10-20

*10 Ten slotte: Vind jou sterkte in die Here en in sy geweldige krag. 11Trek die volle*
*wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die listighede van die*
*Duiwel. 12Vir ons is die stryd immers nie teen vlees en bloed nie, maar teen die*
*owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie duisternis, teen die*
*bose geeste in die hemelruim. 13Neem daarom die volle wapenrusting van God*
*op, sodat julle op die dag van onheil weerstand kan bied en, nadat julle alles*
*uitgevoer het, staande kan bly. 14Staan dan vas, deur julle heupe te omgord met*
*die waarheid, julle te bedek met die borsplaat van geregtigheid, 15en deur die*
*bereidheid vir die evangelie van vrede as skoene aan julle voete aan te trek, 16en*
*by dit alles die skild van die geloof op te neem, waardeur julle in staat sal wees om*
*al die vurige pyle van die Bose te blus. 17Dra ook die helm van verlossing en die*
*swaard van die Gees – dit is die woord van God. 18By elke geleentheid wanneer*
*julle bid en smeek, moet julle telkens deur die Gees bid. Daarom moet julle*
*waaksaam wees, deur volhardend te pleit vir al die heiliges. 19Bid ook vir my sodat,*
*wanneer ek my mond oopmaak, die gepaste woord vir my gegee mag word, om*
*met vrymoedigheid die geheimenis van die evangelie bekend te maak – 20hiervoor*
*is ek 'n gesant in kettings – sodat ek vrymoedig daaroor kan praat soos ek moet.*

## DIE SESDE AANROEPING

**MAG DIT GOD BEHAAG OM DEUR DIE VOORBIDDING VAN SINT MIGAEL EN DIE HEMELSE MAGTE-ENGELEKOOR, ONS SIELE TEEN DIE LEUENS EN DIE VERSOEKINGE VAN DIE DUIWEL TE BEWAAR. AMEN.**

BID EEN KEER DIE "ONSE VADER-GEBED" EN DRIE KEER DIE "WEES-GEGROET-GEBED" TER ERE VAN DIE NEGE ENGELGELEDERE OF -KORE:

*Wees gegroet Maria, vol genade*
*die Here is met u.*
*Geseënd is u onder die vroue,*
*en geseënd is Jesus,*
*die vrug van u skoot.*
*Heilige Maria, Moeder van God,*
*bid vir ons sondaars,*
*nou en in die uur van ons dood. Amen.*

OORPEINS MET DIE HEILIGE SKRIF:
Matteus 4:1-11

*1Hierna is Jesus deur die Gees die woestyn ingelei om deur die Duiwel versoek te*
*word. 2Veertig dae en veertig nagte lank het Hy gevas, en later honger geword.*
*3Toe het die versoeker nader gekom en vir Hom gesê: "As u die •Seun van God is,*
*sê dat hierdie klippe brode moet word." 4Maar Hy antwoord: "Daar staan geskryf,*

*" 'Van brood alleen sal die mens nie leef nie,*
*maar van elke uitspraak wat uit die mond van God kom.' "*

*5Toe neem die Duiwel Jesus na die heilige stad en laat Hom op die hoogste punt*
*van die tempelgebou staan 6en sê vir Hom: "As u die Seun van God is, spring hier*
*af! Daar staan immers geskryf,*

*" 'Hy sal sy engele opdrag oor jou gee – op hulle hande sal hulle jou dra,*
*sodat jy nie dalk teen 'n klip jou voet stamp nie.' "*

*7Jesus sê vir hom: "Daar staan ook geskryf,*

*" 'Jy mag die Here jou God nie versoek nie.' "*

*8Hierna neem die Duiwel Hom na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke*
*van die wêreld in hulle prag, 9en sê vir Hom: "Dit alles sal ek vir u gee as u*
*neerkniel en my aanbid. " 10Toe sê Jesus vir hom: "Gaan weg, Satan! Want daar*
*staan geskryf,*

*" 'Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.' "*

*11Toe het die Duiwel Hom met rus gelaat, en kyk, daar het engele gekom en Hom*
*versorg.*

## DIE SEWENDE AANROEPING

**MAG DIT GOD BEHAAG OM DEUR DIE VOORBIDDING VAN SINT MIGAEL EN DIE HEMELSE OWERHEDE-ENGELEKOOR, ONS HARTE MET WARE EN OPREGTE GEHOORSAAMHEID TE VUL. AMEN.**

BID EEN KEER DIE "ONSE VADER-GEBED" EN DRIE KEER DIE "WEES-GEGROET-GEBED" TER ERE VAN DIE NEGE ENGELGELEDERE OF -KORE:

*Wees gegroet Maria, vol genade*
*die Here is met u.*

*Geseënd is u onder die vroue,*
*en geseënd is Jesus,*
*die vrug van u skoot.*

*Heilige Maria, Moeder van God,*
*bid vir ons sondaars,*
*nou en in die uur van ons dood. Amen.*

OORPEINS MET DIE HEILIGE SKRIF:
Matteus 7:24-27

*24"Daarom sal elkeen wat na my woorde luister en daarvolgens handel, soos 'n verstandige man wees wat sy huis op rots gebou het. 25Toe die reën begin val en die stormwaters kom en die winde waai en daardie huis tref, het dit nie ineengestort nie, omdat dit stewig op rots gevestig was. 26Maar elkeen wat hierdie woorde van My hoor en dit nie uitvoer nie, sal soos 'n onverstandige man wees wat sy huis op sand gebou het. 27Toe die reën begin val en die stormwaters kom en die winde waai en daardie huis tref, het dit ineengestort, en die ineenstorting was geweldig."*

## DIE AGSTE AANROEPING

**MAG DIT GOD BEHAAG OM DEUR DIE VOORBIDDING VAN SINT MIGAEL EN DIE HEMELSE AARTSENGELE-ENGELEKOOR, ONS DIE GENADE VAN VOLHARDING IN DIE GELOOF EN IN ALLE GOEIE WERKE TE VERLELEN SODAT ONS DAARDEUR IN STAAT GESTEL KAN WORD OM TOT DIE HEERLIKHEID VAN DIE PARADYS TE KOM. AMEN.**

BID EEN KEER DIE "ONSE VADER-GEBED" EN DRIE KEER DIE "WEES-GEGROET-GEBED" TER ERE VAN DIE NEGE ENGELGELEDERE OF -KORE:

*Wees gegroet Maria, vol genade*
*die Here is met u.*

*Geseënd is u onder die vroue,*
*en geseënd is Jesus,*
*die vrug van u skoot.*

*Heilige Maria, Moeder van God,*
*bid vir ons sondaars,*
*nou en in die uur van ons dood. Amen.*

OORPEINS MET DIE HEILIGE SKRIF:
1 Korintiërs 9:24-27

*24Weet julle nie dat die atlete wat in 'n stadion aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle dit ontvang. 25Almal wat deelneem, pas in alle opsigte dissipline toe – hulle nogal om 'n verganklike oorwinningskrans te ontvang, maar ons 'n onverganklike. 26Ek hardloop daarom so, dat dit nie doelloos is nie; ek boks so, dat ek nie in die lug slaan nie. 27Maar ek dissiplineer my liggaam en maak dit diensbaar, sodat ek nie, terwyl ek vir ander gepreek het, dalk self gediskwalifiseer word nie.*

## DIE NEGENDE AANROEPING

**MAG DIT GOD BEHAAG OM DEUR DIE VOORBIDDING VAN SINT MIGAEL EN DIE HEMELSE ENG'LE-ENGELEKOOR, ONS TYDENS ONS AARDSE LEWENS TE BESKERM EN ONS NA DIE DOOD, DIE EWIGE HEERLIKHEID VAN DIE HEMEL TE MAG INLEI. AMEN.**

BID EEN KEER DIE "ONSE VADER-GEBED" EN DRIE KEER DIE "WEES-GEGROET-GEBED" TER ERE VAN DIE NEGE ENGELGELEDERE OF -KORE:

*Wees gegroet Maria, vol genade*
*die Here is met u.*

*Geseënd is u onder die vroue,*
*en geseënd is Jesus,*
*die vrug van u skoot.*

*Heilige Maria, Moeder van God,*
*bid vir ons sondaars,*
*nou en in die uur van ons dood. Amen.*

OORPEINS MET DIE HEILIGE SKRIF:
1 Korintiërs 12:7-12

*7En daar het oorlog uitgebreek in die hemel: Migael en sy engele het teen die draak oorlog gevoer. Die draak en sy engele het ook oorlog gevoer, 8maar was nie sterk genoeg nie – daarom was daar nie meer vir hulle plek in die hemel te vind nie.*
*9Die groot draak, die slang van weleer, wat Duiwel en Satan genoem word, die verleier van die hele bewoonde wêreld, is toe uitgegooi. Hy is op die aarde neergegooi, en saam met hom ook sy engele. 10Toe het ek 'n harde stem in die hemel hoor uitroep:*

*"Nou het die verlossing en die krag en die koningsheerskappy*
*van ons God deurgebreek, en ook die volmag van sy Christus,*
*omdat die aanklaer van ons broers uitgegooi is,*
*hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het.*

*11Húlle het hom oorwin, op grond van die bloed van die Lam,*
*en op grond van hulle getuienis. Selfs in die aangesig van die dood*
*het hulle nie hulle eie lewens liefgehad nie.*

*12Daarom, juig hemel en diegene wat in die hemel woon!*
*Wee julle, aarde en see, want die Duiwel het met groot woede na julle neergedaal,*
*omdat hy weet dat hy min tyd oor het."*

# DIE SLOTGEBEDE

MAAK DIE KRUISTEKEN
*† In die naam van die Vader,*
*† en van die Seun,*
*† en van die Heilige Gees. Amen*

BEGIN MET:
O glorieryke prins Sint Migael,
hoof en aanvoerder van die Hemelse leërskare,
bewaker van siele, oorwinnaar van opstandige geeste,
dienaar in die huis van die Goddelike Koning,
en ons bewonderenswaardige begeleier,
u wat skyn van uitnemendheid en bomenslike deug,
verlos ons wat onsself met vertroue tot u wend van alle kwaad,
en stel ons in staat om God elke dag meer en meer getrou te dien.

Bid vir ons, o glorieryke Sint Migael,
Prins van die Kerk van Jesus Christus,
dat ons die beloftes van Christus waardig mag wees.

MAAK DIE KRUISTEKEN
*† In die naam van die Vader,*
*† en van die Seun,*
*† en van die Heilige Gees. Amen*

BID DAN:
Almagtige, ewige God,
wat deur die Wonderkind van Goedheid
en 'n barmhartige begeerte die redding van alle mense verlang,
en die glorieryke Aartsengel Migael, as prins van U Kerk aangestel het,
ons bid U: maak ons waardig om van al ons vyande verlos te word,
sodat nie een van hulle ons in die uur van die dood kan teister nie,
sodat ons deur Sint Michael na u Goddelike Aanwesigheid gelei kan word.
Deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

SLUIT AF MET DIE KRUISTEKEN
*† In die naam van die Vader,*
*† en van die Seun,*
*† en van die Heilige Gees. Amen*

Skriflesings geneem uit Die Bybel 2020-vertaling met
Deuterokanonieke boeke © 2020
Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Met toestemming